

Donderdag 9 April 2020

Beste Presidentsverkennerkandidaat

Met al die verrassings wat 2020 reeds vir ons gegee het (en moontlik nog vir ons inhou) het jy 'n baie besonderse matriekjaar. Ek weet julle is druk besig met skoolwerk en verlang dalk na die sportveld, jou skoolvriende, of jou gunsteling Voortrekkerkamp. Met al hierdie veranderinge rondom ons is een ding wel seker: Jy gaan eendag vir jou kinders kan vertel dat jy daar was toe alles onderstebo was!

In die lig van al die ontwrigtings wat die mensdom tans ondervind is daar baie aktiwiteite wat aangepas of afgestel word. Dit is steeds Die Voortrekkers se wens dat jy die geleentheid kry om voort te gaan met die Presidentsverkennerproses om hierdie prestige toekenning te verwerf, al speel dit 'n bietjie anders uit as in die verlede. Wees dus gerus dat die proses voortgaan en dat Die Voortrekkers die plaaslike en internasionale gebeure monitor om die nodige aanpassings te maak om jou veiligheid te verseker.

Teoretiese Presidentsverkennerfraestel

Die PV-fraestel word steeds op Maandag **20 April 2020** geskryf. Die enigste verandering is dat jy vanjaar die fraestel in jou eie huis gaan skryf. Die Voortrekkers bestuur vir 'n paar jaar al die fraestel in elektroniese formaat en het volle vertroue in jou integriteit om die fraestel te voltooi.

Om suksesvol die fraestel vanaf die huis te skryf, benodig jy 'n **rekenaar** en **internet toegang**. Die fraestel is van so 'n aard dat dit nie suksesvol op 'n selfoon of tabletrekenaar geskryf kan word nie; van die vroeë kan afgesny word en navigasie tussen opsies kan jou in die steek laat.

Indien jy nie die nodige rekenaar of internet toegang het nie, moet jy so gou as moontlik met my in kontak kom sodat ons alternatiewe reëlings vir jou kan deurgee. Moet nie wag tot 20 April om hieroor te wonder nie; neem nou reeds aksie!

Om te verseker dat die hulplyn die nodige bystand op 20 April 2020 kan gee, gaan die skryf van die fraestel in twee groepe geskied. Die eerste groep gaan om **18:00** begin skryf en die tweede groep om **18:30**. Die fraestel is 2 ure lank, en jou eie horlosie gaan outomaties begin loop sodra jy begin met die fraestel. Dit gee vir jou genoeg tyd om die hulplyn te kontak indien jy vashaak of 'n probleem het. Die indeling van die twee groepe is as volg:

<p>Groep 1</p> <p>20 April 2020 18:00</p>	<p>Oord Monument Oord Oosvaal</p> <p>Oord Pretoria-Noord</p>	<p><i>Polsslag, Sesmylspruit, Sytze Wierda, Weltevrede Eben Dönges, Impala, Suikerbos, Susan Badenhorst, Vryheidsmonument Doornkraal, Hartbeespoort, Koersvas, Magalieskruin, Queenswood, Voor-die-Berg</i></p>
<p>Groep 2</p> <p>20 April 2020 18:30</p>	<p>Oord Pretoria-Oos</p>	<p><i>Dirkie Uys, Garsvallei, Hoedspruit, Klapperkop, Komati, Laeveld, Rietvallei, Suiderkruis, Touleier, Wapadrand</i></p>

Tydens die fraestel word meetinstrumente soos 'n gradeboog of lineaal nie toegelaat nie, maar jy mag 'n sakrekenaar gebruik. Let ook daarop dat dit steeds 'n toeboek fraestel is.

Toegang na die eksamenplatform

Om jou by te staan met voorbereiding vir die vraestel is die eksamenplatform vandag reeds beskikbaar. Op hierdie platform is ou vraestelle vir jou gelaai om te hersien *en om te toets of jy die nodige toegang het*. Jy word dus aangeraai om nou reeds in te teken en jouself vertrou te maak met die sisteem. Dit gaan enige spanning en onnodige kopsere op 20 April verlig as jy nou reeds seker maak dat alles werk.

Eksamenplatform	pv.voortrekkers.co.za
Gebruikersnaam	Jou Voortrekkerlidnommer, in kleinletters, waarmee jy ingeskryf het (nie jou SAS2 nommer nie). Die formaat is v04003 of p02020
Wagwoord	Gebruik die wagwoord *#Kuifie2020* om vir die eerste keer aan te teken. Daarna gaan jy versoek word om jou eie wagwoord te kies. Jy moet hierdie wagwoord onthou; jy gaan dit op 20 April gebruik om toegang na die eksamen te kry!

Indien jy vashaak of hulp benodig met die eksamenplatform, stuur asseblief 'n WhatsApp na 072 312 7722 of 082 823 9446.

Uitstaande dokumentasie

Baie van die aktiwiteite waar jy 'n uitstaande kamp moes bywoon of 'n spesialisasie moes voltooi is uitgestel weens die inperking. Die Voortrekkers gaan in hierdie gevalle die nodige verligting op jou inskrywingsvereistes toelaat sodat jy nie benadeel word in die proses nie. Indien jy ingeskryf het vir 'n gebiedskamp in Maartmaand, sal jy outomaties die krediet daarvoor kry (sowel as die spesialisasie wat daar aangebied sou word). Let op daarna dat hierdie reëling slegs vir graad 12's van toepassing is en dat die spesialisasievereistes vir die proses slegs verlig word; jy gaan nie werklik die spesialisasie ontvang nie. Dieselfde reëling is in plek vir spesialisasies wat tydens 'n GGA/GGN-aktiwiteit voltooi sou word.

In die volgende paar dae sal daar weer kommunikasie na jou en jou kommando gestuur word oor die stand van jou inskrywing (met die byvoegings reeds aangebring). Indien daar 'n probleem is met jou inskrywing, kontak my asseblief so gou as moontlik om dit reg te stel.

Presidentsverkenner-konferensie

Die voorlopige datum vir die Nasionale PV-konferensie steeds 1 tot 4 Julie 2020 is. Daar word na baie opsies gekyk om hierdie geleentheid steeds aan te bied en meer inligting sal volg soos dit beskikbaar word.

Ten slotte

Ek hoop dat jy steeds produktief besig kan wees in hierdie tyd en dat jy gebruik sal maak van die hulpmiddels op die eksamenplatform om vir die PV-vraestel voor te berei. Wees veilig en bly by die huis!



Jaco van der Walt

Adjunkgebiedsleier: Verkennersake

072 312 7722

jaco@vanderwalt.email

